LINDENNUUS

8 September 2017

VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Hoërskool Linden nooi gepaste kandidate uit om vir die volgende onderwysposte vir 2018 aansoek te doen.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

AKADEMIE

Hoërskool Linden ontvang toppresteerder-toekenning van die Universiteit van Johannesburg (UJ)

Hoërskool Linden is hierdie week as die top voedingskool van die Universiteit van Johannesburg vereer. Riku Botha en Kate de Wet het die plegtigheid saam met me. Ronelle Nell bygewoon en namens Hoërskool Linden die toekenning ontvang.

Wêreldkennis Olimpiade

Baie geluk aan die leerders wat die Wêreldkennis Olimpiade met sukses voltooi het. Die top 10 kandidate is as volg:

Christiaan Smith	78,8%
Matthew Townsend	72,9%
Clarise Pohl	72,4%
Dyana Vos	72,4%
Chloë van Deventer	71,2%
Gené Lötter	69,4%
Danielle de Villiers	61,2%
Heike Coetzee	61%
Humine v. d. Berg	60%
Ankia Swanepoel	60%

Julle het uitstekend gedoen.
M. Griffiths

SPORT

Netbal

Hoërskool Linden is by die Gauteng Skole Netbal se galadinee en prysuitdeling deur die D10-distrik as die 'netbalskool van die jaar' genomineer. Alhoewel Affies Meisies met die louere weggestap het, is ons nietemin baie trots om een van die

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

nominante te gewees het, sê Jo-Ann Smit, Linden se netbal organiseerder. Zahné Bekker, wat hierdie jaar deel was van die SA Skolespan, is deur die D10-distrik as die 'speler van die jaar' genomineer

Skyfskiet

Tydens die GTRA-liga wat op 16 September plaasgevind het, vaar die skuts van Linden Skietklub weereens baie goed. Die uitslae is as volg:

10m:
HJ v Staden behaal die 1e plek in die mans o/16 Presisie afdeling.
Ronan v Vuuren behaal die 1e plek in die mans o/16 Sporter afdeling.
Jeanne du Plessis behaal die 1e plek in die dames o/16 Sporter afdeling en Amy Skinner die 2e plek.
Shellaine de Villiers behaal die 1e plek in die dames o/14 Sporter afdeling.

3P:
Jeanne du Plessis behaal die 2e plek in die Sporter afdeling en Ronan v Vuuren die 3e plek.

Baie geluk aan die skuts.

Skaak

Die senior skaakspan het 'n derde plek in die A-afdeling van die Johannesburg Noordwes skaakliga behaal. Hulle is tydens 'n prysuitdeling by Northcliff High School met brons medaljes beloon.

Welgedaan julle!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

SOSIAAL

UKUNAKA vat hande met Mosaïek Gemeente

Ukunaka, die welsynsgroep van Hoërskool Linden, vat hierdie jaar hande met die *Expressing Hope Benefit*-konsert van die Mosaïek Gemeente in Fairland. Die *Expressing Hope Benefit*-konsert vind 27 Oktober 2017 in die Mosaïek Teatro plaas. Die kunstenaars wat gaan optree is Jo Black, Joshua na die Reën en Matthew Mole.

Mosaïek Gemeente skenk 'n persentasie van die kaartjieverkope aan Ukunaka wat aangewend sal word om behoeftige gesinne in ons skool te ondersteun.

Kate de Wet en Lindi van der Merwe het saam met Jo Black by die Emthomjeni-gemeenskap in Zandspruit gaan kuier. Die doel van hulle besoek was onder andere om hoop te bring aan kinders wat in minder bevoorregte omstandighede grootword. Emthomjeni is ook een van die gemeenskappe wat sal baat vind by die fondse wat deur die *Expressing Hope Benefit*- konsert gegenereer sal word.

"Kom vat saam met ons hande om 'n groot sukses van hierdie projek te maak," is Kate de Wet se uitdaging aan Linden.

Kaartjies vir die *Expressing Hope Benefit*-konsert is beskikbaar by me. Roodt in kamer 8, Lindi van der Merwe, Kate de Wet of enige Ukunaka-komiteelid.



Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

ADVERTENSIES

Selling your vehicle?

I offer the following service;

1) Free valuations on your premises.

2) Immediate payment (We also settle with banks)

3) Immediate transfer of ownership.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/